MJH-0001-0004-018

# INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

B/K
A/K
kuns
Kies
1elk

IN DEO SAPIENTIAE LUX

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0035 | 9/1/0/14 2 8 7 | | |

Beeld Jg. Nr. P. 4 Dat. 14 OCT 1991

# Mens en natuur worstel met mekaar

BK 4

**Johannes Maswanganyi**
Kalendo
**Goodman-kunssaal, Johannesburg**

**Bettie Lambrecht**

MENS en natuur word in harmonie of in worsteling met mekaar gestel. Die plante wat by Keith Dietrich ontbreek (ook by die Goodman), is in die houtbeelde van Maswanganyi onlosmaaklik deel van die mens.

Soms is die ribbebeen en oorblyfsels van 'n mens wat hom aan 'n boom opgehang het 'n reliëfuitstulping op 'n boomstam. Vergelyk *Hung Self.* Ongelukkig bederf die te beskrywende titel die vermoë van hierdie boeiende werk om op meer belewenisvlakke te sinspeel.

Sonder die titel kon 'n mens die werk sien as 'n dialoog tussen boom en mens: wie help of vernietig? Dit kon dus as doelbewus onseker gesien gewees het.

In Maswanganyi se taal word boomstamme mense. Soms groei voorvaderkoppe daaruit (soos in *Family Spook*). Soms maak hulle politieke stellings (soos in *Inkhata*). En in *Ndimba – the Tsonga Legend of Adam* dwing die slang die man se arms en liggaam tot passiwiteit. Dit is in die strak vertikale vorm van die boomstam waaruit die motiewe gekerf is waarin die verstarring lê – net soseer as in die motiewe self.

Die variasie op die konvensionele Westerse voorstellings van die Sondeval tref vanweë die eenvoud van die stelling. Dit gaan hier nie om die verleidelikheid van die sinnelike – metafories voorgestel as 'n vrug of vrou – nie, maar om verlamming van die mens deur kragte in homself. Die slang is 'n projeksie van die mens se eie selfvernietigende drang. Dié vertolking is in pas met die siening van die mens as selfverdelger in die genoemde werk *Hung Self.*

Maswanganyi en Dietrich is goeie bure in hierdie tentoonstelling. Albei ontgin die oneindige lae van die verbeelding. Albei ontbloot die noue saambestaan van mens en natuur, maar vir die een lê die mens se binneste verskuil in boomstamme en vir die ander in rotsblokke!

Die Goodman-kunssaal haal die beste uit albei kunstenaars deur hul werk in dieselfde ruimte staan te maak. Maswanganyi se werk is soos Dietrich s'n 'n vertolking van Afrika, getrou aan sowel die onsienlike as die visueel dokumenteerbare.

● **Tot 19 Oktober.**

**TREFWOORDE**

1 ................
................
2 ................
................
3 ................
................
4 ................
................
5 ................
................
6 ................
................
7 ................
................
8 ................
................
9 ................
................
10 ................
................